

26 Augustus

**Skrifgedeelte: Psalm 68:20-35
Fokusgedeelte: Psalm 68:20,21**

Dag na dag dra Hy ons

In hierdie psalm waarin daar so heerlik oor die koms van God se koninkryk gesing word, staan hierdie juweel van 'n geloofsbelydenis: "Geloof sy die Here! Dag na dag dra Hy ons!" (vers 20).

Só word bely hoe ons in ons lewens van dag tot dag deel het aan die koninkryk wat kom. Die Here se oorwinning oor die Bose word in ons lewe bereik deur daaglikse bekering. Ons kry die krag daarvoor deurdat die Here ons elke dag dra, selfs as ons nie daarvan bewus is nie.

Dat die Here ons elke dag in sy liefde en trou dra, lê in die hart van die evangelie. Ons hoor dit op verskillende maniere in die Woord: God se ontferming is "elke môre nuut" (Klaagl 3:23); die gelowiges ontvang "keer op keer" nuwe krag (Ps 84:8); God se kinders word innerlik "van dag tot dag" vernuwe (2 Kor 4:16). Uit Jesus se oorvloed ontvang ons "genade op genade" (Joh 1:16) – 'n ketting van genade – daar is elke keer weer genade!

Dit is 'n heerlike troos dat ons nie in eie krag hoef te stry en te volhard nie, ook nie wanneer die pad vorentoe steil en moeilik lyk nie! Ons kan elke dag werk en stry in Gods koninkryk met dié sekerheid: Hy dra ons en hou ons vas tot aan die einde!

Sing: Psalm 68:9

Dr F van der Walt (Bellville-Oos)